14 MAART 2020
HERDERSBRIEF #1

Geliefde Gemeente,

Mao Zedong het gesê: “Godsdiens is die opium van die volk.”

Verwysende na godsdiens is hy in ‘n sekere sin korrek.

Ons mag nooit toelaat dat die kerk – kleinletter “k” – die kruk van my geloofslewe, wees of word nie. Geestelike leierskap moet en mag nie die waarborg wees van my geloofslewe nie.

Die steunpunt van my geestelike lewe durf nie die waarborg te wees vir my inspirasie, entoesiasme en motivering nie.

Die “voorgangers” se nommer een verantwoordelikheid is om ons aandag en ons oorgawe in Christus te anker: Johannes die doper het tereg verklaar: ***“Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem”. (Joh. 1:29)***

Wie in Christus geanker is – as gevolg van sy geloofsvertroue – se lewe en rigting is onversteurbaar, onverskrokke, beslissend en volhardend, ongeag enige vorm van gebeurlikheid. Daarom het en kon Jesus Christus Homself in afsondering plaas in tye van gebed. Hy kon ook ten tye van die Hemelvaart die dissipels en apostels fisies alleen laat. Die kerkgeskiedenis van die afgelope 2000 jaar was funksioneel ten spyte van Jesus se fisiese teenwoordigheid.

Die tema van hierdie tyd van afsondering is: **“GEE MY JOU HART”.**

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)

Wat dit aanbetref wil ek die volgende aanbevelings maak:

1. ‘n Daagliks sessie van ***“self-beoordeling”***. ***(1 Kor. 11:31)***

2. Dat elke gesinshoof ‘n tyd saam met sy familie van ***geestelike aanbidding*** sal deurbring. (Dit sluit ook Sondagmiddae 15h00 in).

3. Die memorisering van ***Efesiërs 1***.

4. Die ***verbondsgebed*** elke Woensdagaand.

5. Die bid van die ***nuwe gebedsterapie***.

*Ns. Verbondsgebed lys vir voorbidding Woensdagaande om 17h30:*

1. *Internasionale Leierskap Kliniek (17-19 April 2020)*
2. *12 April 2020 Feesviering*
3. *Scottburgh uitreik (01 Mei – 31 Julie 2020); Welwillendheidsdag (06 Junie 2020)*
4. *Victor Ost (Mexiko)*
5. *Kobus en Adél Smit*

Seën in Christus

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)